AFDELING A

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG V1**

LEESBEGRIP

- **Geen penalisering vir spel- en taalfoute nie.** (Toets INSIG, nie TAAL nie)
- Geen penalisering waar antwoorde nie in volsinne geskryf is nie.
- Geen woord in 'n ander taal word as antwoord aanvaar nie. Indien dié woord(e) egter toegedruk word en dit beïnvloed nie die betekenis nie, word die antwoord as korrek aanvaar. Andersins sal 'n **E / X / S** boaan die woord die fout aandui en dus die rede waarom die punt nie toegeken is nie.
- Waar die antwoord in meer as een sin aangebied word, maar tog tot die antwoord lei, is dit korrek.
- Indien twee of meer feite vereis word, word slegs die eerste twee of meer feite in volgorde nagesien.
- Spesifieke opdragte,bv. **EEN WOORD / OPEENVOLGENDE WOORDE / 'N SINSDEEL / EEN SIN**, moet uitgevoer word. Die kandidaat mag die een woord in 'n sin aanbied:
  Die een woord is ...
  Die woord wat vir ons sê, is ...
  (Die woord wat die kandidaat aanbied, moet dus "uitgelig" word.)
- Plaas die lidwoorde, **'n** en **die**, tussen hakies indien dit in kombinasie met **EEN WOORD** as 'n antwoord gebruik word en aanvaar dit as korrek.
- Geen penalisering indien aanhalingstekens ontbreek nie.
- Waar (Ja) / Onwaar (Nee) vrae:
  - eerste deel korrek en motivering verkeerd / motivering ontbreek (1).
  - eerste deel verkeerd en motivering korrek (0).
  - eerste deel ontbreek en motivering korrek (0).

1.1 Uitenhage / die Myburg-gesin woon op Uitenhage / hierdie verhaal het begin toe die Myburg-gesin van Uitenhage vir 'n paar dae op Jeffreysbaai gaan uitspan het. (1)

1.2 sy het (na haar mense / familie / eienaars / die Myburgs) verlang / hulle was weg met vakansie / nie meer by die huis nie / hulle te veel gemis / daar was niemand by die huis nie / sy het na haar familie toe gegaan / sy het hulle agtervolg / hulle het haar nie saamgeneem nie (sy was alleen by die huis = 0) (1)

1.3 'n diereliefhebber / mnr. Willem Coetzee / 'n motoris / 'n motorbestuurder (1)

1.4 'n Maltees / 'n Maltese poedel / poedel (1)

1.5
- hy hou van diere
- 'n motor het haar amper omgery
- hy het vir Snoopy jammer gekry

(Enige TWEE) (2)

1.6
- Snoopy het 'n **halsbandjie** met 'n **selfoonnommer** op gedra
- hy het die **selfoonnommer gebel** / **geskakel** / die **eienaar gekontak**.
- (Enige TWEE) (2)

1.7 verstom (EEN WOORD) (1)

1.8.1
- Onwaar / Nee (1)
- 'n Vriend van die gesin het belowe om die honde te versorg. (1)

(EEN VOLLEDIGE SIN) (2)

1.8.2
- Onwaar / Nee (1)
- Hulle drie honde moes tuis bly.(1)

(EEN VOLLEDIGE SIN) (2)

1.8.3
- Waar / Ja (1)
- Hulle het dadelik in die kar gespring om haar te gaan haal.(1)

(EEN VOLLEDIGE SIN) (2)

**[15]**

## VRAAG 2

### FLIEKGIDS

| | | |
|---|---|---|
| 2.1.1 | *Mama Jack* | (1) |
| 2.1.2 | *Must Love Dogs* | (1) |
| 2.1.3 | *A History of Violence* | (1) |
| 2.2 | hy het gekeer dat twee skelms sy kafee beroof | (1) |
| 2.3 | oor die internet | (1) |
| 2.4 | • hy speel 'n gewone ou / Jack Theron (1) en<br>• 'n swart vrou / *Mama Jack* (1) | (2) |
| 2.5.1 | • Onwaar / Nee (1)<br>• nadat hy 'n **gedokterde drankie** gedrink het (1) (SINSDEEL) | (2) |
| 2.5.2 | • Waar / Ja (1)<br>• maar **nie een van sy beste** flieks nie (1) (SINSDEEL) | (2) |
| 2.6.1 | *A History of Violence* | (1) |
| 2.6.2 | dit het vier sterre / dit het 'n vier | (1) |
| 2.7 | **iets** (slegs) / dwelms word **in jou drankie** gegooi / die drankie is **gespike** / **gespaaik** | (1) |
| 2.8 | hy grimeer hom / hy maak hom swart | (1) |

**[15]**

## VRAAG 3

### STROKIESPRENT

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | dit reën (hard) (buite) | (1) |
| 3.2 | hulle glimlag / hulle is (lyk) bly / gelukkig / opgewonde | (1) |
| 3.3.1 | hy verdwaal / raak weg | (1) |
| 3.3.2 | hulle huil / snuif / snik / word hartseer (of soortgelyk) | (1) |
| 3.3.3 | hy lag (vreeslik) / skaterlag / is bly / is vrolik / lag en spring rond / gelukkig / dans / spring (of soortgelyk)<br>(hy loop weg = 0 / hy spring weg = 0) | (1) |

**[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

## AFDELING B

## OPSOMMING

## VRAAG 4: WAT JY MOET DOEN AS JY 'N NUWE TROETELDIER WIL KRY

### RIGLYNE VIR NASIEN VAN OPSOMMING

Die opsomming word TWEE keer gelees:
- vir feite en taalfoute.
- vir direkte aanhalings en onvolledige sinne.

**FEITE**:
- Sien eerste sewe sinne inhoudelik na, al is die sinne in paragraafvorm.
- Regmerkie bokant elke hoofgedagte.
- Slegs een hoofgedagte per sin word nagesien.
- Indien geen hoofgedagte inhoudelik reg is nie, kry die kandidaat nul vir sowel die getal woorde as vir taal.

**FEITE (F) [7]**

| Feite korrek | Maksimum Taalpunt(e) |
|---|---|
| Geen feite korrek nie | Maksimum taalpunt: 0 |
| Een tot twee feite korrek | Maksimum taalpunt: 1 |
| Drie en meer feite korrek | Maksimum taalpunte: 2 |

- ✓ Leesteken- en spelfoute word nie gepenaliseer nie.
- ✓ Taalfoute word net in korrekte feite gepenaliseer.
- ✓ **KANDIDATE WORD NET EEN KEER VIR ELKE SOORT FOUT GEPENALISEER.**

**TAAL(T) [2]**

| Taalfoute | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie taalfoute | -1 |
| Vier en meer taalfoute | -2 |

### TIPIESE TAALFOUTE

- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + V/werp)
- Tyd, wyse, plek
- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Dubbelnegatief
- Lydende vorm
- Voornaamwoorde
- Infinitief
- Vreemde woorde

**DIREKTE AANHALING (A)**

| Direkte aanhalings/nie eie sinne nie | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie direkte aanhalings | -2 |
| Vier en meer direkte aanhalings | -3 |
| **Indien vier of meer direkte aanhalings, word geen taalpunte toegeken nie.** | **NUL VIR TAAL** |

**NIE VOLSINNE NIE (V)**

| Nie sinne nie | Penaliseer van totaal |
|---|---|
| Twee tot drie feite nie in sinne nie | -2 |
| Vier en meer feite nie in sinne nie | -3 |

## NEERSKRYF VAN PUNTE

| | KODE | PUNT | |
|---|---|---|---|
| Getal feite korrek | **F** | 7 | Maks = 7 |
| Taalfoute | **T** | 2 | Maks = 2 |
| Woorde aangedui/ nie lengte oorskry nie (meer as 110 woorde) | **W** | 1 | Maks = 1 |
| **Subtotaal** | | 10 | |
| Direkte aanhalings | **A** | -3 | Maks = - 3 |
| Nie volsinne nie | **V** | -3 | Maks = - 3 |
| **TOTAAL – (A en/of V)** | **10-6** | **4** | |

### Voorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| 1. Dis hard werk om 'n troeteldier te kies. | ✓ | T |
| 2. Dis harde werk en dit vra tyd en geduld om troeteldiere groot te maak. | ✓ | A |
| 3. Kies 'n troteldier wat by jou gesin pas. | ✓ | |
| 4. Moet 'n hond kies wat van mense hou. | ✓ | V |
| 5. Gaan koop 'n veearts. | x | |
| 6. Maak tyd vir jouself. | x | |
| 7. Verwyder gevaarlike voorwerpe. (49 woorde) | ✓ | |

| | KODE | PUNT |
|---|---|---|
| Getal feite korrek | **F** | 5 |
| Taalfoute | **T** | 2 |
| Woorde nie aangedui nie / lengte oorskry (meer as 110 woorde) | **W** | 1 |
| **Subtotaal** | | 8 |
| sDirekte aanhalings | **A** | 0 |
| Nie volsinne nie | **V** | 0 |
| **TOTAAL – (A en / of V)** | **8-0** | **8** |

**[10]**

- Die klem val hier op die **donkergedrukte** hoofgedagtes en **NIE** op die **moontlike verwerking** van die teks **NIE**.
- Enige **SEWE** van die volgende **ELF** hoofgedagtes:

| | **Direkte aanhalings uit teks** | **Moontlike verwerking** |
|---|---|---|
| 1 | Dis baie maklik om lief te word vir 'n nuwe katjie of hondjie, maar om hierdie klein goedjies gesond en reg groot te maak, is nie so maklik nie. Dis harde werk en dit vra tyd en geduld om troeteldiere groot te maak. | Jy moet 'n troeteldier **reg** grootmaak / **gesond** grootmaak. |
| 2 | Dis baie maklik om lief te word vir 'n nuwe katjie of hondjie, maar om hierdie klein goedjies gesond en reg groot te maak, is nie so maklik nie. Dis harde werk en dit vra tyd en geduld om troeteldiere groot te maak. | Jy moet **tyd / geduld** hê om 'n troeteldier groot te maak. |
| 3 | Dis baie maklik om lief te word vir 'n nuwe katjie of hondjie, maar om hierdie klein goedjies gesond en reg groot te maak, is nie so maklik nie. Dis harde werk en dit vra tyd en geduld om troeteldiere groot te maak. | Dit is **harde werk / nie maklik nie** om 'n troeteldier te versorg. |
| 4 | Die eerste stap is om die regte troeteldier vir die gesin te kies. Met meer as 400 verskillende soorte honde en 70 verskillende soorte katte, moet 'n mens 'n bietjie huiswerk doen om te sien watter hond of kat die beste by jou gesin gaan pas. | Kies **'n troeteldier** wat by jou **gesin pas**. |
| 5 | Gesinne met jong kinders moet, byvoorbeeld, 'n troeteldier kies wat nie baie kwaai is nie en goed met mense klaarkom. | **'n Gesin met jong kinders** moet nie 'n kwaai troeteldier kies nie / **'n Gesin met jong kinders** moet 'n hond kies wat van mense / kinders hou. |
| 6 | Sodra jy besluit het watter soort troeteldier jy wil hê, is daar baie plekke om te soek, soos die Dierebeskermingsvereniging of die veearts. | Gaan **soek by** die **Dierebeskermingsvereniging / veearts** vir 'n troeteldier. (Jy hoef nie baie geld te betaal nie.) |
| 7 | Net soos 'n mens regmaak vir 'n nuwe baba in die huis, moet jy ook tyd hê om reg te maak vir die nuwe troeteldier. | Jy moet tyd hê **om reg te maak** vir die nuwe troeteldier (soos vir 'n nuwe baba). |
| 8 | Jy moet gevaarlike voorwerpe en giftige plante verwyder en vir hulle 'n gemaklike plek kry om te slaap. | Verwyder **gevaarlike** goed / voorwerpe / **giftige** plante. |
| 9 | Jy moet gevaarlike voorwerpe en giftige plante verwyder en vir hulle 'n gemaklike plek kry om te slaap. | Maak seker daar is 'n gemaklike **slaapplek** vir die troeteldier. |
| 10 | Jy moet bereid wees om 'n nuwe troeteldier op te lei. | 'n Nuwe troeteldier **moet opgelei word / geleer word**. |
| 11 | Leer die hond liewer met liefde as om hom te straf. Onthou die goue reël: Beloon goeie gedrag en ignoreer of voorkom slegte gedrag. As jy jou hondjie ignoreer wanneer hy hom sleg gedra, wys jy vir hom jy is ontevrede met hom. | 'n Dier moet **met liefde / nie met straf geleer word** nie. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C

## KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK

## VRAAG 5

## WOORDGEBRUIK EN WOORDSTRUKTURE

- Waar spelling mag varieer, mag die woord wat aangebied word, nie 'n ander betekenis hê nie.
- As die totaal 'n halfpunt insluit, **rond HIER af** tot die volgende heelgetal wanneer die punt oorgedra word na die buiteblad.
- **Indien die woorde met hoofletters aangebied word, is dit korrek.**
- **Waar keuses aangebied word, word verwag dat die kandidaat die antwoord korrek oorskryf.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5.1 | haar | spelling | woordkeuse: besitlike vnw. |
| 5.2 | grootste | spelling | b.nw. oortreffende trap |
| 5.3 | klassie | spelling | s.nw. verkleining |
| 5.4 | ongelukkig | spelling | s.nw.→bw. van wyse as pred.b.nw. |
| 5.5 | jong | spelling | b.nw. attributief |
| 5.6 | wat | spelling | woordkeuse: taalidioom (betreklike v.nw.) |
| 5.7 | stokoud / horingoud / stokhoringoud | spelling | b.nw. intensiewe vorm |
| 5.8 | veertig | spelling | spelling: hooftelwoord |
| 5.9 | fluister / flyster / fleister | spelling mag afwyk | woordeskat |
| 5.10 | sewende | spelling | rangtelwoord |
| 5.11 | oom(pie) / omie | spelling | s.nw. manlike vorm |
| 5.12 | toekoms / tukoms / tokkoms / toekkoms / toe koms | spelling mag afwyk | antoniem |
| 5.13 | dogtertjie | spelling | s.nw. verkleining |
| 5.14 | jaar | spelling | woordkeuse: taalidioom |
| 5.15 | ouers / ouhers / ouwers | spelling mag afwyk | een woord vir 'n groep woorde |
| 5.16 | huilende | spelling | teenwoordige deelwoord: b.nw |
| 5.17 | onder | spelling | woordkeuse: voorsetsel |
| 5.18 | slaapklere | spelling | woordkeuse: kwasi-homofoon |
| 5.19 | ligte | spelling | s.nw. meervoud |
| 5.20 | sy | spelling | woordkeuse: besitlike vnw. |
| 5.21 | bril (ev.) | spelling | woordkeuse: taalidioom |
| 5.22 | poppe | spelling | s.nw. meervoud |
| 5.23 | beddegoed | Spelling | samestelling |
| 5.24 | wêreld | spelling | woordkeuse: skryfteken |

(24÷2) **[12]**

## VRAAG 6

## SINSTRUKTURE

- **Spel- en punktuasiefoute** word nie gepenaliseer nie.
- Alhoewel die **donkergedrukte gedeeltes** op die **taalitem** en dit wat geassesseer word dui, moet die sin / sinsdeel volledig wees om die punt(e) te verdien. **Let op die vierkanthakies.**

| Vraag | Antwoord | Taalaspekte | Punte |
|---|---|---|---|
| 6.1.1 | Nee,[Helga hou **nie** van tamatiesous **nie** (1).] | Dubbelnegatief | (1) |
| 6.1.2 | ...[Rooi Oog / hy baie honger **is** (1)],[**eet hy** (1) eiers en tamatiesous.] | Voegwoord groep 3 begin die sin; dus 1ste werkwoord van sin 1 aan die einde van sin 1 met eerste werkwoord uit sin 2 na die komma en voltooi die sin | (2) |
| 6.1.3 | ...[**word verkies** (1).] OF<br>...[**word** (deur Helga) **verkies** (1).] OF<br>...[**word verkies**(deur Helga) (1).] | Lydende vorm: teenwoordige tyd : **verkies** → **word... verkies** deur Helga met hoofww. voor of na voorsetselgroep (gekies = x) | (1) |
| 6.1.4 | ...om [(ook) konfyt op haar brood **te smeer** (1).] OF<br>...om [(ook) konfyt **te smeer** op haar brood (1).] | Infinitief met **hou daarvan + om ... te + werkwoord** voor of na voorsetselgroep | (1) |
| 6.1.5 | Nee, [Rooi Oog / hy het **nog nie / nog nooit/ nog glad nie** (1) konfyt geëet **nie** (1).] | Ontkenning: **al** → **nog nie / nog nooit / nog glad nie** en **nie** aan die einde van die sin | (2) |
| 6.1.6 | Gister [**het** Helga /sy en Rooi Oog / hy buite **geëet** (1).] | Verlede tyd met **het** in die tweede plek en hoofww. aan die einde | (1) |
| 6.1.7 | Gaan [sy die konfyt haal? (1)] OF<br>Gaan [haal sy die konfyt? (1).] | Stelsin → vraagsin: begin met werkwoord | (1) |
| 6.1.8 | Vandag [**is** die kos (ook) (weer) koud (1).] | Teenwoordige tyd | (1) |
| 6.1.9 | ...dat [**hy** (1)] [eiers **moet eet** (1).] | Indirekte rede: **jy→hy** woordorde na vgw. 3 met hulpww. voor hoofww. | (2) |
| 6.1.10 | ...[**is opgeëet** (1)] [**deur Helga** (1).] OF<br>...[**is**] [**deur Helga** (1)] [**opgeëet** (1).] | Lydende vorm: verlede tyd: het... geëet→ is... geëet deur Helga met hoofww. voor of na voorsetselgroep | (2) |
| 6.2.1 | ...[daarom **word sy** (1) kwaad.] | Voegwoord groep 2 verbind die sinne en eerste werkwoord uit sin 2 direk na voegwoord en voltooi | (1) |
| 6.2.2 | ...,want [**hy is** (1) (baie) honger.] | Voegwoord groep 1 verbind die sinne sonder verandering van werkwoordposisie | (1) |
| 6.3 | ...[**elke middag vinnig in die kombuis** (1).]<br>[**Elke middag** eet Rooi Oog sy middagete **vinnig in die kombuis** (1).]<br>[**Elke middag** eet Rooi Oog **vinnig** sy middagete **in die kombuis** (1).] | Posisie van bywoorde / bywoordelike bepalings: Tyd, Wyse en Plek | (1) |
| 6.4 | [**A**] **/**...[**hoef** Rooi Oog / hy nie sout oor die eiers **te** gooi nie(1).] | Meervoudige keusevraag: vaste gebruik van **hoef... nie ...te ... nie** | (1) |

**[18]**

**VRAAG 7**

**KOMMUNIKASIE**

- Kyk of die kandidate se reaksie op die situasie die **regte toon** kommunikeer.
- **Aanspreekvorme** moet korrek wees.
- Trek maksimum 1 punt af vir 2 of meer taalfoute.
- Dui spel-en leestekenfoute aan, maar moenie penaliseer nie.

| | | |
|---|---|---|
| 7.1 | Meneer / Oom, kan u / jy / Oom / Meneer my asseblief sê hoe om by die winkels te kom?<br>(Of soortgelyk binne konteks) | (2) |
| 7.2 | D / Jammer , ek het gedink dis myne! | (1) |
| 7.3 | A / Kan Meneer, my asseblief R5 leen? | (1) |
| 7.4 | B / Baie geluk! | (1) |
| | | **[5]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL :** | **80** |